# DARE TO BELIEVE

**Week 5: Gaan jy bly glo tsv mislukking en teleurstellings?**

Ons is besig met 'n reeks om na die **storie van Dawid** te kyk – *the story of how an ordinary boy were used by an extra-ordinary God*. En daaruit probeer leer:

Dawid word uitgedaag om te bly glo al gee niemand hom 'n kans nie,
al moes hy alleen teen 'n reus baklei,
al wou die koning hom doodmaak en hy moes vlug vir sy lewe
en al verloor hy amper al sy geloofwaardigheid met 'n ander man se vrou
en ervaar hy die hartseer en pyn as sy opstandige seun sterf...

Begin die selgroep eers met iemand wat **Psalm 5 as gebed** lees. *Laat almal eers stil word en afskakel, gee so 'n minuut of wat daarvoor en lees dan die Psalm.*

## Connect met mekaar:

Richard Rohr se dat die doel van die Skrif is, ***"the transformation of the souls."*** Ons lees die Bybel en verhale in die Bybel en ons moet die heeltyd vra: wat beteken dit en **wat beteken dit vir my vandag in my situasie**? Voor watter keuses staan ek vandag en hoe gaan dit wat ek hier lees my vorm en my help op my journey?


Gesels vir 'n paar minute oor die vraag: **Wat het jy tot hier toe uit die storie van Dawid geleer?** *Gee vir elkeen kans om net iets te deel wat hulle geraak het.*

## Luister na Woord: Lees 2 Samuel 18:4-12, 30-33 - *die hartseer storie van Absalom se rebellie en oorlog teen Dawid, sy dood en Dawid se harteer.*

Die vraag bly dieselfde: **Wat as daar 'n dare/challenge/uitdaging is wat jou lewe permanent kan verander?**

- **Wie se skuld is hierdie hele petalje? Dawid s'n of Absalom s'n?** Gesels oor watter aandeel julle dink elkeen gehad het in hierdie krisis. (hoofstukke 13-17 gaan hierdie tragedie vooraf, as julle vinnig daarin kan loer sal dit help.)

- **Watter waarheid oor Dawid (en elke ander ouer) is opgesluit in hierdie foto?**



- **Tsv van alles wat Dawid nie reg kry nie – skryf God hom nie af nie!** Hy is steeds iemand na aan God se hart. God doen dieselfde met ons, Hy skryf ons nie af nie. **Wat is die redes waaroor jy mense maklik afskryf?**

  **Hoe kan jy vir genade plek gee in jou hantering van mense – vriende, familie, ouers, kinders, huweliksmaats?**

- **Dawid wil nie met geweld optree teen Absalom nie,** wil nie oorlog maak teen sy eie kind nie**. Hy het in sy lewe al gesien dat daar 'n plek is vir genade (***dink aan sy hantering van Saul en sy berou na sy sonde met Bateseba)* **Watter leidrade gee die volgende verse oor 'n ander gesindheid wat ons by Dawid kry?**
  - 18:33
  - 18:5

- **Gaan lees ook weer Romeine 3:23-34**

**Die Dare:** Uit Dawid se storie sien ons dat sy sonde het vernietigende gevolge in sy huis gehad. En ons weet: God straf sonde.
Maar ook dit is nie die einde van die pad nie... en mag ons glo dat daar 'n genade-kant is van God wat altyd sê dat selfs hierdie slegtse ding wat met my gebeur of wat ek aanvang, dat my grootste teleurstelling en skokkende mislukkings – nie die einde van die pad is nie.

**Die belangrike korreksie** hierop is **2 Samuel 18:33** – Lees dit 2 x hardop

*"My seun, Absalom, my seun, my seun, Absalom, ag as ek maar in jou plek kon gesterf het. Absalom, my seun, my seun."*

Lees die **Psalm 62** hardop. Gee vir elkeen dan tyd om die Psalm op hulle eie weer in stilte deur te lees en **gee kans vir gebed**.

Hier is **7 Psalms** van Dawid **wat jy deur die loop van die week kan lees en bid.**

Vir hierdie week: Psalm 35, Psalm 39, Psalm 5, Psalm 6
Psalm 41, Psalm 62, Psalm 63

***Dare to Believe***